	Cut to size ready for immediate use—		
	For machinery, apparatus, appliances and implements—		
	agricultural	118 (a)	—
	industrial	118 (*g*) or (*b*)	—
	In lengths, not ready for immediate use	335	—
	Note.—Item 250 does not include chains which drive by means of sprockets (toothed pulleys).		

TARIEFKLASSIFIKASIELYS No. 34.

WYSIGINGS.

Bladsy No.	Besonderhede.	Tarief-nommers.	Statistiese Benodigdhede.
260	**Kettings:**		
	Aandryf-:		
	Skrap—		
	ander, insluitende saamgebonde kettings	250	Sentenaar.
	Dryf-:		
	Ewart-dryf-, kettingband vir die dryf van masjinerie	250	—
286	**Komberse, Reisdekens en Tjalies**	61	—
	Opmerking:—		
	Vervang—		
	Die item „ wol " sluit in alle dierlike hare of pels, wat gewoonlik as 'n tekstielgrondstof gebruik word.		
	deur—		
	Die uitdrukking „ wol " word as die natuurlike vesels van die vag van die skaap vertolk.		
	BYVOEGING.		
260	**Kettings:**		
	Aandryf-:		
	Gesny na grootte, gereed vir onmiddellike gebruik—		
	Vir masjinerie, apparate, toestelle en werktuie—		
	landbou	118 (*a*)	—
	industrieel	118 (*g*) of (*b*)	—
	In lengtes, nie gereed vir onmiddellike gebruik nie	335	—
	Opmerking.—Item 250 sluit nie kettings in wat deur middel van tande (tandratte) aandryf nie.		

✱ No. 2015.] [1 October 1954.

LIQUIDATION OF GERMAN ASSETS IN ITALY.

Under article 77 (5) of the Treaty of Peace, Italy agreed to facilitate such transfers of German assets in Italy as would be decided on by the Powers occupying Germany which are empowered to dispose of the said assets.

The Goverments of France, the United Kingdom and the United States have now decided to liquidate the remaining German assets in Italy.

✱ No. 2015.] [1 Oktober 1954.

LIKWIDASIE VAN DUITSE BATES IN ITALIË.

Ooreenkomstig artikel 77 (5) van die Vredesverdrag, het Italië daarmee ingestem om dié oordragte van Duitse bates in Italië te vergemaklik waarop die moondhede wat Duitsland beset en bevoeg is om oor vermelde bates te beskik, mag besluit.

Die regerings van Frankryk, die Verenigde Koningkryk en die Verenigde State het nou besluit om die oorblywende Duitse bates in Italië te likwideer.

Before the end of November, 1954, the owners of such German property in Italy may, however, ask that liquidation be delayed by presenting official documents showing, e.g. that—

(*a*) they resided outside Germany during the war and up to 14th August, 1947;
(*b*) they were victims of Nazi persecution;
(*c*) the assets belonged to religious or charitable institutions.

Interested persons should write to the Italian Embassy, 796 George Avenue, Arcadia, Pretoria, for full particulars.

Eienaars van sodanige Duitse eiendom in Italië kan egter voor die einde van November 1954 vra dat die likwidasie uitgestel word deur amptelike dokumente voor te lê wat byvoorbeeld aantoon dat—

(*a*) hulle gedurende die oorlog en tot 14 Augustus 1947 buite Duitsland woonagtig was;
(*b*) hulle slagoffers van Nazi-vervolging was;
(*c*) die bates aan godsdienstige of liefdadigheidsinrigtings behoort het.

Belanghebbendes moet aan die Italiaanse Ambassade, Georgelaan 796, Arcadia, Pretoria, skryf en volledige besonderhede vra.

✱ No. 2016.] [1 October 1954.

In terms of section *thirteen* (3) of the Banking Act, 1942, the following Monthly Returns as at 31st August, 1954, of Institutions registered as Commercial Banks under that Act, are published for general information.

✱ No. 2016.] [1 Oktober 1954.

Ingevolge artikel *dertien* (3) van die Bankwet, 1942, word onderstaande Maandelikse Opgawes per 31 Augustus 1954 van Instellings wat kragtens vermelde Wet as Handelsbanke geregistreer is, vir algemene inligting gepubliseer.

	Banque de L'Indochine (South Africa), Limited.*	Barclays Bank (Dominion, Colonial and Overseas).	Nederlandse Bank van Suid-Afrika, Beperk.	The South African Bank of Athens, Limited.*	The Standard Bank of South Africa, Ltd.	Die Stellenbosse Distriksbank, Beperk.	Volkskas, Beperk.	Total. Totaal.
	£	£	£	£	£	£	£	£
Liabilities to the Public in the Union. Verpligtings teenoor die publiek in die Unie.								
Demand Liabilities ... Onmiddellike opeisbare verpligtings	474,646	170,157,914	15,343,276	616,520	151,451,310	922,799	32,791,895	371,758,360
Time liabilities ... Termynverpligtings	412,701	12,299,391	3,954,215	104,237	11,274,091	487,540	8,955,825	37,388,000
Total Liabilitites to the Public ... Totale verpligtings teenoor die publiek	887,347	182,457,305	19,297,491	720,757	162,625,401	1,410,339	41,747,720	409,146,306
Assets in the Union. Bate in die Unie.								
Subsidiary Coin ... Pasmunt	290	900,241	104,843	1,026	789,168	3,335	136,292	1,935,195
Gold Coin and Bullion ... Goudmunt en staafgoud	—	85,388	—	—	24,140	—	—	109,528
Notes of South African Reserve Bank ... Suid-Afrikaanse Reserwebankbiljette	8,935	5,555,622	605,647	17,343	6,098,253	52,077	991,212	13,329,089
Credit Balance in South African Reserve Bank ... Kredietsaldo in Suid-Afrikaanse Reserwebank	71,098	18,157,995	2,412,255	67,821	16,986,850	110,000	3,500,000	41,306,829
Credit Balance in National Finance Corporation of South Africa ... Kredietsaldo in Nasionale Finansie Kroporasie van Suid-Afrika	100,000	—	500,000	—	4,000,000	150,000	1,500,000	6,250,000
Total Cash Reserves ... Totale kontantreserwes	181,133	24,699,246	3,622,745	86,190	27,898,411	315,412	6,127,504	62,930,641
Other Liquid Assets ... Ander likwide bate	133,077	58,173,501	2,548,994	157,116	52,969,311	336,623	10,325,476	124,644,098
Total Loans and Discounts ... Totale lenings en diskonterings	1,685,313	97,988,374	16,901,849	999,624	91,651,203	903,578	25,778,301	235,908,242
Ratios. Verhoudingsyfers.								
Reserve Ratio ... Reserwepersentasie	% 20·41	% 13·54	% 18·77	% 11·96	% 17·16	% 22·36	% 14·68	% 15·38
Liquid Asset Ratio ... Persentasie likwide bate	35·41	45·42	31·98	33·76	49·73	46·23	39·41	45·84

* Provisionally registered.—Voorlopig geregistreer.

DEPARTMENT OF LANDS.

✱ No. 1984.] [1 October 1954.

COMMITTEE OF MANAGEMENT, WELGEVONDEN SETTLEMENT, DISTRICT OF SOUTPANSBERG.—APPOINTMENT OF MEMBERS.

It is hereby notified for general information that the Minister of Lands has, in terms of paragraphs 3 and 7 of the regulations framed under section *forty-six* of the Land Settlement Act, No. 12 of 1912, as amended, and published by Government Notice No. 1479 of the 4th July, 1952, appointed Messrs. Gerhardus Johannes Badenhorst, Willem Frederik Bouwer and Johannes Lodewyk Bouwer, as members of the Committee of Management of the Welgevonden Settlement, District of Soutpansberg, for a period of two years as from the 31st July, 1954.

Messrs. Theodorus Ernest van Niekerk Malan and Frederik Boshoff du Toit, have, in accordance with paragraph 3 of the above-mentioned regulations, been elected to the said Committee for a period of two years as from the 31st July, 1954, and in terms of paragraph 11 (1) of the said regulations, the Minister of Lands has appointed Mr. Johannes Lodewyk Bouwer as chairman of the Committee for the period mentioned.

DEPARTEMENT VAN LANDE.

✱ No. 1984.] [1 Oktober 1954.

KOMITEE VAN BEHEER, WELGEVONDEN-NEDERSETTING, DISTRIK SOUTPANSBERG.—AANSTELLING VAN LEDE.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Minister van Lande, ooreenkomstig die bepalings van paragrawe 3 en 7 van die regulasies wat kragtens artikel *ses-en-veertig* van die Kroongrond Nederzettings Wet, No. 12 van 1912, soos gewysig, opgestel en by Goewermentskennisgewing No. 1479 van 4 Julie 1952 afgekondig is, die here Gerhardus Johannes Badenhorst, Willem Frederik Bouwer en Johannes Lodewyk Bouwer vir 'n tydperk van twee jaar met ingang van 31 Julie 1954 as lede van die Komitee van Beheer van die Welgevonden-nedersetting, distrik Soutpansberg, aangestel het.

Die here Theodorus Ernest van Niekerk Malan en Frederik Boshoff du Toit is ooreenkomstig paragraaf 3 van voornoemde regulasies vir 'n tydperk van twee jaar met ingang van 31 Julie 1954 tot lede van genoemde Komitee gekies, en die Minister van Lande het, ooreenkomstig paragraaf 11 (1) van voornoemde regulasies, mnr. Johannes Lodewyk Bouwer vir genoemde tydperk as voorsitter van die Komitee aangestel.

✱ No. 1985.] [1 October 1954.

SALE OF CROWN LAND.

It is hereby notified for general information that the land, Lot No. 27 (old Police Camp on the farm Schaapfontein), situate in the Division of Vryburg, Province of the Cape of Good Hope, measuring 50 morgen 261 square roods, will be offered for sale by public auction by G. J. Lubbe, Esq., at the Magistrate's Office, Hartswater, on Tuesday, the 2nd November, 1954, at 10 a.m.

The sale of the land shall be subject to confirmation by the Minister of Lands, and in the event of it not being confirmed, such moneys as may have been deposited by the purchaser, shall be refunded to him.

The purchase price, the Crown Grant Registration fee (£1. 7s. 3d.), transfer duty (3 per cent on purchase price), as well as the auctioneer's commission (1 per cent on purchase price) shall be deposited by the purchaser on the day of sale.

A Crown Grant in respect of the land will be issued as soon as possible after confirmation of the sale by the Minister of Lands.

Conditions of sale, including such conditions as will be incorporated in the Crown Grant, shall be read out by the auctioneer on the day of the auction. The relative conditions may, in the meantime, be inspected at the office of the Provincial Representative, Department of Lands, Longkloof Buildings, Kloof Street, Cape Town; the Superintendent, Vaalhartz Settlement, P.O. Andalusia; the Magistrates at Hartswater, Vryburg, Warrenton and Christiana and the auctioneer. Copies of the conditions and copies of the diagram of the land may be obtained from any of the said offices.

The Department reserves the right to withdraw the property or any portion thereof from the sale.

✱ No. 1985.] [1 Oktober 1954.

VERKOOP VAN KROONGROND.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die eiendom, Perseel No. 27 (ou Polisiekamp op die plaas Schaapfontein), geleë in die afdeling Vryburg, Provinsie Kaap die Goeie Hoop, en 50 morg 261 vierkante roede groot, om 10 vm. op Dinsdag, 2 November 1954, per publieke veiling te koop aangebied sal word deur mnr. G. J. Lubbe by die Magistraatskantoor, Hartswater.

Die verkoop van die grond is onderworpe aan bekragtiging deur die Minister van Lande en ingeval dit nie bekragtig word nie, sal alle bedrae wat die koper mag gedeponeer het, aan hom terugbetaal word.

Die koopprys, die Kroongrondbriefregistrasiegeld (£1. 7s. 3d.), hereregte (3 persent van koopprys), asook die afslaer se kommissie (1 persent van koopprys), moet deur die koper op die verkoopdag gedeponeer word.

'n Kroongrondbrief ten opsigte van die grond sal uitgereik word so spoedig moontlik na bekragtiging van die verkoop deur die Minister van Lande.

Die verkoopsvoorwaardes, met inbegrip van dié voorwaardes wat in die Kroongrondbrief ingelyf sal word, sal op die dag van die veiling deur die afslaer voorgelees word. Insae in die betrokke voorwaardes kan intussen verkry word in die kantoor van die Provinsiale verteenwoordiger, Departement van Lande, Longkloofgebou, Kloofstraat, Kaapstad; die Superintendent, Vaalhartznedersetting, Pk. Andalusia; die Magistrate op Hartswater, Vryburg, Warrenton en Christiana, en die afslaer. Kopieë van die voorwaardes en afdrukke van die kaart van die grond is verkrygbaar by enigeen van genoemde kantore.

Die Departement behou hom die reg voor om die eiendom of enige gedeelte daarvan van die verkoop te onttrek.

DEPARTMENT OF JUSTICE.

✱ No. 1975.] [1 October 1954.

APPOINTMENT AND CANCELLATION OF APPOINTMENTS AS JUSTICES OF THE PEACE.

In terms of sub-section (2) of section *two* of Act No. 16 of 1914, as amended, it is hereby notified that (1) the Minister of Justice has, in terms of sub-section (1) of section *two* of the said Act, appointed the persons mentioned in Part I of the following Schedule to be Justices of the Peace during pleasure for the wards indicated opposite their names and (2) that the appointments as Justices of the Peace of the persons mentioned in Part II of the said Schedule have been cancelled.

SCHEDULE.

PART I.

District.	*Ward.*	*Name.*	*Address.*
Carnarvon	No. 6	Francois Derkse van der Westhuizen	Van Wyksvlei, P.O. Box 27, Van Wyksvlei.
Cradock	Agternseeuberg	Jacobus Lodewicus Botha Meyburgh	Heilbron, P.O. Suurfontein, Cradock.
Durban	Isipingo	Alexander William Donald	c/o African Explosives and Chemical Industries, Ltd., Umbogintwini.
Ficksburg	Rosendal-Hammonia	Gerhardus Petrus Kriek	Emmerentia, Ficksburg.
Heilbron	Vechtkop	Wynand Gabriel Wessels	Rivierplaas, P.O. Box 65, Edenville.
Heilbron	Vechtkop	Leonard Johannes van Eeden	Chicago, P.O. Box 81, Petrus Steyn.
Inanda	Mount Edgecombe	William Stanley Grace	Unity Cottage, Umhlanga Rocks.
Johannesburg	Jeppe	Herbert Michael O'Connor-Harold	103 Regent Street, Bellevue, Johannesburg.
King William's Town	Macleantown	Friedrich Wilhelm Hermann Untiedt	Thorn Valley Farm, P.O. Macleantown.

DEPARTEMENT VAN JUSTISIE.

✱ No. 1975.] [1 Oktober 1954.

AANSTELLING EN INTREKKING VAN AANSTELLINGS AS VREDEREGTERS.

Hierby word ingevolge subartikel (2) van artikel *twee* van Wet No. 16 van 1914, soos gewysig, bekendgemaak (1) dat die Minister van Justisie, kragtens subartikel (1) van artikel *twee* van genoemde Wet, die persone in Deel I van onderstaande Bylae genoem, as vrederegters vir die wyke teenoor hul name vermeld, aangestel het vir solank dit hom behaag en (2) dat die aanstellings as vrederegters van die persone in Deel II van die Bylae genoem, ingetrek is.

BYLAE.

DEEL I.

Distrik.	*Wyk.*	*Naam.*	*Adres.*
Carnarvon	No. 6	Francois Derkse van der Westhuizen	Van Wyksvlei, Posbus 27, Van Wyksvlei.
Cradock	Agtersneeuberg	Jacobus Lodewicus Botha Meyburgh	Heilbron, Pk. Suurfontein, Cradock.
Durban	Isipingo	Alexander William Donald	p/a African Explosives and Chemical Industries, Ltd., Umbogintwini.
Ficksburg	Rosendal-Hammonia	Gerhardus Petrus Kriek	Emmerentia, Ficksburg.
Heilbron	Vechtkop	Wynand Gabriel Wessels	Rivierplaas, Posbus 65, Edenville.
Heilbron	Vechtkop	Leonard Johannes van Eeden	Chicago, Posbus 81, Petrus Steyn.
Inanda	Mount Edgecombe	William Stanley Grace	Unity Cottage, Umhlanga Rocks.
Johannesburg	Jeppe	Herbert Michael O'Connor-Harold	Regentstraat 103, Bellevue, Johannesburg.
King William's Town	Macleantown	Friedrich Wilhelm Hermann Untiedt	Thorn Valley Farm, Pk. Macleantown.

District.	*Ward.*	*Name.*	*Address.*
Laingsburg	Gouph	Paul Philippus du Toit	Wilgerbos, P.O. Koup.
Laingsburg	Laingsburg	Zacharias Andreas Johan de Beer	Meiring Street, Laingsburg.
Lionsriver	Howick-Merrivale	Cornelius Christoffel Lorraine Klopper	Howick-Merrivale.
Lower Umfolozi	Kwambonambi	Cyril Keith Johnson	Umfolozi, P.O. Riverview.
Namaqualand	Steinkopf	Daniel Theron	Rooiwal, P.O. Kotzeshoop.
Piet Retief	Piet Retief	Reinhardt Carl Paul	Breda, P.O. Box 2, Iswepe.
Potgietersrus	Naboom	Hendrik Johannes Smit	Nooitgedacht, P.O. Palala.
Potgietersurs	Koedoesrand	Adriaan Jacobus Alberts	Rooihoogte, P.O. Tolwe.
Randfontein	Randfontein	Myer Katz	2 Enterprise Court, Randfontein.
Somerset East	Zwagershoek	Christoffel Jacobus Botha van Gend	Grootvlei, P.O. Swaershoek.
Uitenhage	Elandsrivier	Paul Hendrik Zietsman Heyns	Elandsfontein, P.B. Uitenhage.
Waterberg	Nylstroom	Johannes Hermanus Campher	Rietspruit No. 305, P.O. Nylstroom.

PART II.

District.	*Ward.*	*Name.*	*Reason.*
Kenhardt	Vogelstruis	Andries Willem Burger	Resigned.
Pietersburg	Houtbos	Adriaan Jacobus Alberts	Left district.
Potgietersrus	Koedoesrand	Jacobus Nicolaas Willem Hendrik Greyling	Left district.
Potgietersrus	Naboom	George Edward Abraham	Left district.
Uitenhage	Elandsrivier	Frederick John Whitehead	Resigned.

✱ No. 2013.] [1 October 1954.

CIRCUIT COURT, SPRINGS.

Under and by virtue of the powers in me vested by sections *three* and *four* of the Superior Courts Criminal Jurisdiction Ordinance, 1903 (Ordinance No. 10 of 1903, Transvaal), as amended by section *eight* (4) of Act No. 54 of 1949, I do hereby give notice that a Circuit Court will be held at Springs, in the Province of Transvaal, for the Districts of Springs, Delmas, Nigel, Brakpan, Benoni and Heidelberg, commencing on Monday, the 18th October, 1954, at 10 a.m.

G. J. MARITZ,
Judge President,
(Transvaal Provincial Division of the Supreme Court of South Africa.)

Pretoria,
24th September, 1954.

✱ No. 2014.] [1 October 1954.

CIRCUIT COURT, VEREENIGING.

Under and by virtue of the powers in me vested by sections *three* and *four* of the Superior Courts Criminal Jurisdiction Ordinance, 1903 (Ordinance No. 10 of 1903, Transvaal), as amended by section *eight* (4) of Act No. 54 of 1949, I do hereby give notice that a Circuit Court will be held at Vereeniging for the District of Vereeniging, commencing on Monday, the 18th October, 1954, at 10 a.m.

G. J. MARITZ,
Judge President,
(Transvaal Provincial Division of the Supreme Court of South Africa.)

Pretoria, 24th September, 1954.

Distrik.	*Wyk.*	*Naam.*	*Adres.*
Laingsburg	Gouph	Paul Philippus du Toit	Wilgerbos, Pk. Koup.
Laingsburg	Laingsburg	Zacharias Andreas Johan de Beer	Meiringstraat, Laingsburg.
Lionsrivier	Howick-Merrivale	Cornelius Christoffel Lorraine Klopper	Howick-Merrivale.
Laer Umfolozi	Kwambonambi	Cyril Keith Johnson	Umfolozi, Pk. Riverview.
Namakwaland	Steinkopf	Daniel Theron	Rooiwal, Pk. Kotzeshoop.
Piet Retief	Piet Retief	Reinhardt Carl Paul	Breda, Posbus 2, Iswepe.
Potgietersrus	Naboom	Hendrik Johannes Smit	Nooitgedacht, Pk. Palala.
Potgietersrus	Koedoesrand	Adriaan Jacobus Alberts	Rooihoogte, Pk. Tolwe.
Randfontein	Randfontein	Myer Katz	Enterprisehof 2, Randfontein.
Somerset-Oos	Zwagershoek	Christoffel Jacobus Botha van Gend	Grootvlei, Pk. Swaershoek.
Uitenhage	Elandsrivier	Paul Hendrik Zietsman Heyns	Elandsfontein, Privaatsak Uitenhage.
Waterberg	Nylstroom	Johannes Hermanus Campher	Rietspruit No. 305, Pk. Nylstroom.

DEEL II.

Distrik.	*Wyk.*	*Naam.*	*Rede.*
Kenhardt	Vogelstruis	Andries Willem Burger	Bedank.
Pietersburg	Houtbos	Adriaan Jacobus Alberts	Distrik verlaat.
Potgietersrus	Koedoesrand	Jacobus Nicolaas Willem Hendrik Greyling	Distrik verlaat.
Potgietersrus	Naboom	George Edward Abraham	Distrik verlaat.
Uitenhage	Elandsrivier	Frederick John Whitehead	Bedank.

✱ No. 2013.] [1 Oktober 1954.

RONDGAANDE HOF, SPRINGS.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikels *drie* en *vier* van die „Superior Courts Criminal Jurisdiction Ordinance", 1903 (Ordonnansie No. 10 van 1903, Transvaal), soos gewysig by artikel *agt* (4) van Wet No. 54 van 1949, maak ek hierby bekend dat 'n sitting van die Rondgaande Hof vir die distrikte Springs, Delmas, Nigel, Brakpan, Benoni en Heidelberg om 10 vm. op Maandag, 18 Oktober 1954, te Springs, in die Provinsie Transvaal, 'n aanvang sal neem.

G. J. MARITZ,
Regter-president,
(Transvaalse Provinsiale Afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika.)

Pretoria,
24 September 1954.

✱ No. 2014.] [1 Oktober 1954.

RONDGAANDE HOF, VEREENIGING.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikels *drie* en *vier* van die „Superior Courts Criminal Jurisdiction Ordinance", 1903 (Ordonnansie No. 10 van 1903, Transvaal), soos gewysig by artikel *agt* (4) van Wet No. 54 van 1949, maak ek hierby bekend dat 'n sitting van die Rondgaande Hof vir die distrik Vereeniging om 10 vm. op Maandag, 18 Oktober 1954, te Vereeniging 'n aanvang sal neem.

G. J. MARITZ,
Regter-president,
(Transvaalse Provinsiale Afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika.)

Pretoria,
24 September 1954.

DEPARTMENT OF RAILWAYS, HARBOURS AND AIRWAYS.

✱ No. 1970.] [1 October 1954.

SOUTH AFRICAN RAILWAYS AND HARBOURS POLICE FORCE.

His Excellency the Governor-General has, in terms of section *fifty-seven* of the Railways and Harbours Regulation, Control and Management Act, No. 22 of 1916, been pleased to approve of the undermentioned promotions in the South African Railways and Harbours Police Force with effect from 1st August, 1954:—

Major Nicolaas Jacobus Meyer.
Major Johannes Lucas Visser le Grange.

✱ No. 1986.] [1 October 1954.

It is hereby notified for general information that it has been decided to amend the *Official Harbour Tariff Book of Dues and Charges at the Harbours of the Union of South Africa and of South-West Africa*, which came into operation on the 1st September, 1954, as follows:—

Clause 2 (*d*): *Port Dues on Ships.*—In the Afrikaans version, delete the first line and substitute „ Regte op skepe wat 'n droogdok of sleephelling gebruik ".

Clause 3 (*h*): *Port Dues.*—Delete " (*b*) " appearing in third line.

Clause 5 (*d*): *Exemption from Port Dues.*—Add after " regulations " " and which have paid the charges specified in clause 31 ".

Clause 10 (*b*) (ii): *Charges for Shifting Berth or Shifting to or from Drydock or Slipway.*—Add after " 600 tons " " for first tug ".

Clause 11 (*a*): *Berthing Services.*—In the Afrikaans version, delete the first paragraph and substitute " Die koste uiteengesit in klousules 9 en 10 dek die dienste om skepe wat gedurende gewone werkure 'n hawe binnevaar, daaruit vertrek, na 'n ander aanlêplek verskuif of na of van 'n droogdok of sleephelling onderweg is, vas te meer of los te maak ".

Clause 23 (*d*) *and* (*g*): *Dues for use of Drydock and Slipways.*

(*d*) Insert after " trade " " if exempted from port dues ".

(*g*) In the Afrikaans version, delete " van die regte " in the first line.

Clause 28: *Charges for lifting Heavy Packages.*—Delete " or " in the second last line and insert " and ".

Clause 37 (*b*), (*c*) *and* (*f*): *Wharfage on Goods and Livestocks.*

(*b*) In the Afrikaans version amend " doeanedoeleindes " to read " doeaneregtedoeleindes ".

(*c*) In the Afrikaans version amend " vry-aan-boordkoste " to read " vry-aan-boordwaarde ".

(*f*) Insert " quarter " before the word " ton " in first line of second paragraph.

Clause 38: In the Afrikaans version, amend " Skeepslading " in the heading to read " Skeepsvrag ".

Clause 39.—In the Afrikaans version, amend " Skeepslading " in the heading to read " Skeepsvrag ".

Clause 39 (*a*) (1) *and* (*b*) (5): *Wharfage Outwards.*

(*a*) (1) Delete " provided these commodities are the produce of South Africa ".

(*b*) (5) In the Afrikaans version, amend " Brandstofvoorraad " to read " Brandstof, voorraad ".

DEPARTEMENT VAN SPOORWEË, HAWENS EN LUGDIENS.

✱ No. 1970.] [1 Oktober 1954.

SUID-AFRIKAANSE SPOORWEG- EN HAWE-POLISIEMAG.

Dit het Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag om, kragtens artikel *sewe-en-vyftig* van die Spoorwegen en Havens Reglement, Bestuur en Beheer Wet, no. 22 van 1916, sy goedkeuring te heg aan die onderstaande bevorderings in die Suid-Afrikaanse Spoorweg- en Hawepolisiemag met ingang 1 Augustus 1954:—

Majoor Nicolaas Jacobus Meyer.
Majoor Johannes Lucas Visser le Grange.

✱ No. 1986.] [1 Oktober 1954.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat daar besluit is om die *Offisiële Hawetariefboek van Regte en Koste by die Hawens van die Unie van Suid-Afrika en van Suidwes-Afrika*, wat op 1 September 1954 in werking getree het, as volg te wysig:—

Klousule 2 (*d*): *Haweregte op skepe.*—Skrap die eerste reël en voeg in „ Regte op skepe wat 'n droogdok of sleephelling gebruik,".

Klousule 3 (*h*): *Haweregte betaalbaar by die vernaamste hawens.*—Skrap „ (*b*) " in die derde reël.

Klousule 5 (*d*): *Vrystelling van haweregte.*—Vervang hierdie subklousule deur die volgende:—

„ Vaartuie wat gelisensieer is kragtens die haweregulasies, en die koste bepaal in klousule 31 betaal het."

Klousule 10 (*b*) (ii): *Koste om na 'n ander aanlêplek of na of van 'n droogdok of sleephelling te verskuif.*—Verander hierdie subklousule as volg:—

„ Skepe van hoogstens 600 ton:—

	£	s.	d.
Eerste sleepboot	5	17	9
Addisionele sleepbote	2	19	0 ".

Klousule 11 (*a*): *Meerdienste.*—Skrap die eerste paragraaf en voeg in:—

„ Die koste uiteengesit in klousules 9 en 10 dek die dienste om skepe wat gedurende gewone werkure 'n hawe binnevaar, daaruit vertrek, na 'n ander aanlêplek verskuif of na of van 'n doogdok of sleephelling onderweg is, vas te meer of los te maak."

Klousule 23 (*d*) *en* (*g*): *Regte vir die gebruik van droogdokke en sleephellings:—*

(*d*) Voeg in na „ word nie " in die tweede reël: „ indien hulle van haweregte vrygestel is ".

(*g*) Skrap „ van die regte " in die eerste reël.

Klousule 28: *Koste vir die hys van swaar pakkette.*—Verander „ of " in die tweede reël van die laaste paragraaf na „ en ".

Klousule 37 (*b*), (*c*) *en* (*f*): *Kaaigeld op goedere en lewende hawe:—*

(*b*) Verander „ doeanedoeleindes " en „ doeaneregtedoeleindes ".

(*c*) Verander „ vry-aan-boordkoste " na „ vry-aan-boordwaarde ".

(*f*) In die Engelse lesing voeg in „ quarter " voor die woord „ ton " in die eerste reël van die tweede paragraaf.

Klousule 38.—Verander „ skeepslading " in die opskrif na „ skeepsvrag ".

Klousule 39.—Verander „ skeepslading " in die opskrif na „ skeepsvrag ".

Klousule 39 (*a*) (1) *en* (*b*) (5): *Kaaigeld op uitgaande skeepslading:—*

(*a*) (1) Skrap „ mits hierdie artikels Suid-Afrikaanse produkte is ".

(*b*) (5) Verander „ Brandstofvoorraad " na „ Brandstof, voorraad ".

Clause 41 (*c*) (i), (ii), (iii), (iv), (*e*) *and* (*g*): *Landing, Shipping and Transhipping of Cargo.*

(*c*) Delete whole of (i), (ii), (iii) and (iv) and substitute:—

(i) Late arrival of ships.
(ii) Completion of work before expiration of normal working hours.
(iii) Interruption of landing, shipping or transhipping of cargo, outside ordinary working hours due to inclement weather.
(iv) Any other reason beyond the control of the Administration.

(*e*) Delete "consignor or consignee" and insert "importer or shipper".

(*e*) In the Afrikaans version, delete the whole subclause and substitute: "Die hoër koste wat gehef word op pakkette bo twee ton gewig elk soos bepaal in klousules 42 (*a*) (3), 42 (*e*) en (*f*), 43 (i) en (ii), en 44 (*a*) (i) en (ii) word met 'n derde verminder, mits die invoerder of verskeper die Administrasie op die voorgeskrewe vorm vrywaar teen alle risiko ten opsigte van pakkette of die inhoud daarvan".

(*g*) In the Afrikaans version, delete "kaaigeld vir lossing of verskeping" and substitute "inkomende kaaigeld en lossing of uitgaande kaaigeld en verskeping".

Clause 43: *Landing and Delivery by Rail (other than to private sidings in the harbour zone).*—Delete "for loading into railway trucks at the harbour" in the second line and substitute "for despatch thereof in trucks from the harbour".

In the Afrikaans version, amend the first three lines to read "Vir die ontvang van goedere van die skip, uitreik van 'n kwitansie aan die kaptein en sorteer van besendings volgens seevragbriewe vir afsending daarvan in trokke van die hawe af".

Clauses 43, 44, 45, 48 *and* 54: In the Afrikaans version, delete "hawegebied" where it appears in clauses 43, 44, 45, 48 and 54 and substitute "hawestreek".

Clause 46 (*a*) *and* (*b*) (2): *Explosives.*

(*a*) In the Afrikaans version, amend "vanaf trokke op padvoertuie" to read "van trokke of padvoertuie".

(*b*) (2) Delete "and" appearing in first line and insert "or".

Clause 50: *Consolidated Railway and Shipping Rates.*—Delete "South African".

Clause 51 (2): *Transhipping Charges.*—In the Afrikaans version, amend "(*a*)" in the second line, last paragraph, to read "(i)".

Clause 53 (*a*) (i): *Landing and Shipping of Livestock and Animals.*—In the Afrikaans version, amend "skip of" in the first line to read "skip op".

Clause 54 (*b*): *Queen's Warehouse and Customs Searcher's Office.*—Delete "and" in first line, page 31, and insert "or".

Clause 56 (*a*), (*b*), (*c*) *and* (*e*): *Sorting Charges.*

(*a*) Delete "If a bill of lading consignment is split for purposes of" and insert "If portions of a bill of lading consignment are ordered for".

In the Afrikaans version, amend "bsendings" in the second line to read "besendings".

In the Afrikaans version, amend the second sentence in the first paragraph to read "Indien gedeeltes van 'n besending op een seevragbrief volgens orders afgelewer moet word aan—".

(*b*) In the Afrikaans version, delete the whole subclause and substitute: "Sorteerkoste word nie op pakkette bo vier ton elk (gewig of maat) gehef nie".

(*c*) Insert a comma after "ton" in first line and delete comma after "tonnage" in second line.

In the Afrikaans version, delete the whole sub-clause and substitute: "Die minimum koste word bereken op een ton of anders op 25 persent van die totale tonnemaat op die

Klousule 41 (*c*) (i), (ii), (iii), (iv), (*e*) *en* (*g*): *Lossing, verskeping en oorskeping van skeepsvrag:*—

(*c*) Skrap (i), (ii), (iii) en (iv) en voeg in:—

„(i) Laat aankoms van skepe.
(ii) Voltooiing van werk voordat die gewone werkure verstryk het.
(iii) Onderbreking van lossing, verskeping of oorskeping van vrag buite gewone werkure weens ongunstige weer.
(iv) Enige ander rede buite die beheer van die Administrasie."

(*e*) Skrap hierdie subklousule en voeg in:—

„Die hoër koste wat gehef word op pakkette bo twee ton gewig elk soos bepaal in klousules 42 (*a*) (3), 42 (*e*) en (*f*), 43 (i) en (ii) en 44 (*a*) (i) en (ii) word met 'n derde verminder, mits die invoerder of verskeper die Administrasie op die voorgeskrewe vorm vrywaar teen alle risiko ten opsigte van pakkette of die inhoud daarvan."

In die Engelse lesing skrap „consignor or consignee" en voeg in „importer or shipper".

(*g*) Skrap „kaaigeld vir lossing of verskeping" en voeg in „inkomende kaaigeld en lossing of uitgaande kaaigeld en verskeping".

Klousule 43: *Koste op skeepsvrag gelos vir aflewering per spoor behalwe by private sylyne binne die hawegebied.*—Verander die eerste drie reëls na „Vir die ontvang van goedere van die skip, uitreik van 'n kwitansie aan die kaptein, en sorteer van besendings volgens seevragbriewe vir afsending daarvan in trokke van die hawe af."

In die Engelse lesing verander „for loading into railway trucks at the harbour" na „for despatch thereof in trucks from the harbour".

Klousules 43, 44, 45, 48 en 54.—Skrap „hawegebied" waar dit voorkom in klousules 43, 44, 45, 48 en 54 en voeg in „Hawestreek".

Klousule 46 (*a*) *en* (*b*) (2): *Springstowwe.*

(*a*) Verander „vanaf trokke op padvoertuie" na „van trokke of padvoertuie".

(*b*) (2) Verander „en" in eerste reël na „of".

Klousule 50: *Gekonsolideerde spoorweg- en verskepingstariewe.*—Verander „*Offisiële Spoorweg Tariefboek vir die uitvoer van Suid-Afrikaanse Produkte*" na „*die Spoorwegtariefboek vir die Uitvoer van Produkte*".

Klousule 51 (2): *Oorskepingskoste.*—Verander „(*a*)" in die tweede reël van die laaste paragraaf na „(i)".

Klousule 53 (*a*) (i): *Lossing en verskeping van lewende hawe en ander diere.*—Verander „skip of" in eerste reël na „skip op".

Klousule 54 (*b*): *Staatspakhuis en doeane-visenteerkantoor.*—Verander „en" in tweede reël na „of".

Klousule 56 (*a*), (*b*), (*c*) *en* (*e*): *Sorteerkoste.*

(*a*) Verander „bsendings" in die tweede reël na „besendings".

Verander die tweede sin van die eerste paragraaf na „Indien gedeeltes van 'n besending op een seevragbrief volgens orders afgelewer moet word aan—".

In die Engelse lesing skrap „If a bill of lading consignment is split for purposes of" en voeg in „If portions of a bill of lading consignment are ordered for—".

(*b*) Skrap die subklousule en voeg in „Sorteerkoste word nie op pakkette bo vier ton elk (gewig maat) gehef nie".

(*c*) Skrap die subklousule en voeg in „Die minimum koste word bereken op een ton of anders op 25 persent van die totale tonnemaat op die seevragbrief min die tonnemaat van pakkette wat ingevolge (*b*) vrygestel is, watter ook al die grootste is."

seevragbrief min die tonnemaat van pakkette wat ingevolge (*b*) vrygestel is, watter ook al die grootste is."

(*e*) Delete whole of sub-clause and insert "Fraction of a quarter ton in the tonnage liable to sorting charges is levelled to the next higher quarter ton ".

Clause 59 (*d*) (iii) *and* (*h*): *Charges for late Orders and Storage: Goods Landed.*

(*d*) (iii) In the Afrikaans version, delete " voordat " in the last line and substitute " voor die dag na ".

(*h*) Delete " fraction of a ton " and insert " fraction of a quarter ton ".

Clause 60 (B) (3) *and* (5): *Charges for Late Orders and Storage: Goods Transhipped.*

(3) Delete " which do not fall within the terms of clauses 40 and 51 " and insert " within the terms of clauses 40 (*c*) and 51 (*b*) ".

In the Afrikaans version, amend " klousules 40 en 51 " to read " klousules 40 (*c*) en 51 (*b*) ".

(5) Delete " fraction of a ton " and insert " fraction of a quarter ton ".

In the Afrikaans version, delete the whole sub-clause and substitute: " Die opslagkoste bepaal in (1), 3 (*b*) en 4 word per ton of gedeelte daarvan gehef, maar op besendings van minder as een ton word die koste per kwartton gehef en 'n gedeelte van 'n kwartton tot die volgende kwartton vermeerder."

✱ No. 2007.] [1 September 1954.

His Excellency the Governor-General has, in terms of section *thirty-one* of the Railways and Harbours Service Act, 1925 (Act No. 23 of 1925), been pleased to approve of the following amendment to the South African Railways and Harbours Employees' Staff Regulations:—

SOUTH AFRICAN RAILWAYS AND HARBOURS.

EMPLOYEES' STAFF REGULATIONS.

SCHEDULE OF AMENDMENT.

(*Operative from* 14*th May*, 1954.)

Regulation No. **147.**

Delete paragraph (5), renumber paragraphs (6), (7), (8), (9), (10) and (11) to read (9), (10), (11), (12), (13) and (14) respectively and insert the following new paragraphs (5), (6), (7) and (8):—

" (5) If an employee charged elects to avail himself of assistance at an inquiry of—

(i) an official of a staff association or trades union, representative of servants of which he is a member, or

(ii) a servant stationed at or near the place at which he is employed or at which the inquiry is to be held, who is willing to assist him,

he must, not less than six days before the date fixed for the inquiry, supply to the head or sub-head of his department or to the officer or officers holding the inquiry, full particulars of the person whom he desires to assist him.

(6) A servant assisting an employee at an inquiry will be paid for time necessarily spent at such inquiry, in terms of sub-section (2) of section *nineteen* of the Act.

In die Engelse lesing voeg 'n komma in na „ ton " in die eerste reël en skrap die komma na „ tonnage " in die tweede reël.

(*e*) Skrap die subklousule en voeg in „ 'n Gedeelte van 'n kwartton in die tonnemaat waarop sorteerkoste gehef word, word tot die volgende kwartton vermeerder ".

Klousule 59 (*d*) (iii) *en* (*h*): *Laatorder- en opslagkoste: Geloste goedere.*

(*d*) (iii) Verander „ voordat " in die laaste reël na „ voor die dag na ".

(*h*) In die Engelse lesing skrap „ fraction of a ton " en voeg in „ fraction of a quarter ton ".

Klousule 60 (B) (3) *en* (5): *Laatorder- en opslagkoste: Goedere oorgeskeep.*

(3) Verander „ klousules 40 en 51 " na „ klousules 40 (*c*) en 51 (*b*) ".

In die Engelse lesing skrap „ which do not fall within the terms of clauses 40 and 51 " en voeg in „ within the terms of clauses 40 (*c*) and 51 (*b*) ".

(5) Skrap subklousule en voeg in „ Die opslagkoste bepaal in (1), 3 (*b*) en (4) word per ton of gedeelte daarvan gehef, maar op besendings van minder as een ton word die koste per kwartton gehef en 'n gedeelte van 'n kwartton tot die volgende kwartton vermeerder ".

In die Engelse lesing, skrap „ fraction of a ton " en voeg in „ fraction of a quarter ton ".

✱ No. 2007.] [1 September 1954.

Dit het Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag om, kragtens artikel *een-en-dertig* van die Spoorwegen en Havens Dienst Wet, 1925 (Wet no. 23 van 1925), sy goedkeuring te heg aan die volgende wysiging in die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens Personeelregulasies vir Werksmanne:

SUID-AFRIKAANSE SPOORWEË EN HAWENS.

PERSONEELREGULASIES VIR WERKSMANNE.

WYSIGINGSLYS.

(*Van krag vanaf* 14 *Mei* 1954.)

Regulasie no. **147.**

Skrap paragraaf (5), hernommer paragrawe (6), (7), (8), (9), (10) en (11) onderskeidelik (9), (10), (11), (12), (13) en (14) en voeg die onderstaande nuwe paragrawe (5), (6), (7) en (8) in:

„ (5) As 'n werksman teen wie 'n beskuldiging ingebring is, verkies om by 'n ondersoek gebruik te maak van die hulp van—

(i) 'n beampte van 'n personeelvereniging of vakunie wat dienare verteenwoordig en waarvan hy lid is, of

(ii) 'n dienaar gestasioneer by of naby die plek waar hy werk, of waar die ondersoek ingestel sal word, en wat gewillig is om hom by te staan,

moet hy minstens ses dae voor die bepaalde datum van die ondersoek volledige besonderhede van die persoon deur wie hy bygestaan wil wees, verstrek aan die hoof of onderhoof van sy departement of aan die amptenaar of amptenare wat die ondersoek instel.

(6) 'n Dienaar wat 'n werksman tydens 'n ondersoek bystaan, word kragtens subartikel (2) van artikel *negentien* van die Wet besoldig vir tyd noodsaaklikerwyse aan sodanige ondersoek bestee.

The basis of pay will be as follows:—

Running Staff.

A servant whose appointment is classified in the Running Staff Pay Schedule, who attends a departmental inquiry for the purpose of assisting an employee, shall be credited with time as under:—

(*a*) where no duty is performed on the day upon which attendance at the inquiry takes place, ordinary time for the actual period of attendance, subject to a minimum of half a day and a maximum of one day;

(*b*) where duty is performed on the day upon which attendance at the inquiry takes place—

(i) if of less than seven and two-thirds or eight hours' duration, as the case may be, time for the actual period of attendance, subject to a maximum of half a day, which will be credited as under:

time which, with that actually worked, totals seven and two-thirds or eight hours, as the case may be: as ordinary time;

time in excess thereof: as straight time;

(ii) if in excess of seven and two-thirds or eight hours, as the case may be, straight time for the actual period of attendance, subject to a maximum of half a day.

All Other Employees.

The basis of pay in the case of all other employees will be one day's pay for each day so occupied excluding Sundays and public holidays unless the inquiry proceedings are held on such days.

(7) No allowance will be made for loss of overtime, piecework bonus earnings or other special payments ordinarily earned by a servant attending to assist an employee at an inquiry.

(8) No travelling expenses will be allowed."

Regulation No. **155.**

Delete paragraph (2) and insert the following new paragraphs (2), (3) and (4) in place thereof:—

"(2) A servant assisting an employee at an appeal will be paid for time necessarily spent at such appeal in terms of the provisions of sub-section (2) of section *nineteen* of the Act.

The basis of pay will be as follows:—

Running Staff.

A servant whose appointment is classified in the Running Staff Pay Schedule, who assists an employee at an appeal, shall be credited with time as under:—

(*a*) where no duty is performed on the day upon which he assists an employee at an appeal, ordinary time for the actual period of attendance, subject to a minimum of half a day and a maximum of one day;

(*b*) where duty is performed on the day upon which assistance is rendered at an appeal—

(i) if of less than seven and two-thirds or eight hours' duration, as the case may be, time for the actual period of attendance, subject to a maximum of half a day, which will be credited as under:

time which, with that actually worked, totals seven and two-thirds or eight hours, as the case may be: as ordinary time;

time in excess thereof: as straight time;

Die grondslag van besoldiging is as volg:

Treinpersoneel.

Aan 'n dienaar wie se betrekking in die Besoldigingslys vir Treinpersoneel geklassifiseer is en wat 'n departementele ondersoek bywoon om 'n werksman by te staan, word die volgende tyd toegestaan:

(*a*) as geen werk verrig word op die dag waarop die ondersoek bygewoon word nie: gewone tyd vir die werklike tydperk van bywoning, onderworpe aan 'n minimum van 'n halfdag en 'n maksimum van een dag;

(*b*) as werk verrig word op die dag waarop die ondersoek bygewoon word—

(i) indien minder as sewe en twee-derde of agt uur, na gelang van die geval: tyd vir die werklike tydperk van bywoning, onderworpe aan 'n maksimum van 'n halfdag, wat as volg toegestaan word—

tyd wat, tesame met tyd werklik gewerk, te staan kom op sewe en twee-derde of agt uur, na gelang van die geval: gewone tyd;

tyd in oorskryding daarvan: blote tyd;

(ii) indien in oorskryding van sewe en twee-derde of agt uur, na gelang van die geval: blote tyd vir die werklike tydperk van bywoning, onderworpe aan 'n maksimum van 'n halfdag.

Alle ander werksmanne.

Die grondslag van besoldiging vir alle ander werksmanne is een dag se besoldiging vir elke dag aldus bestee, met uitsondering van Sondae en openbare vakansiedae, tensy die ondersoekverrigtinge op sulke dae plaasvind.

(7) Geen toelating word gemaak vir verlies van oortyd, stukwerkbonus of ander spesiale besoldiging wat gewoonlik verdien word deur 'n dienaar wat 'n ondersoek bywoon om 'n werksman by te staan nie.

(8) Geen reisonkoste word toegelaat nie."

Regulasie nó. **155.**

Skrap paragraaf (2) en voeg die onderstaande nuwe paragrawe (2), (3) en (4) in die plek daarvan in:

„(2) 'n Dienaar wat 'n werksman tydens 'n appèl bystaan, word vir tyd noodsaaklikerwyse by sodanige appèl deurgebring, besoldig kragtens die bepalings van subartikel (2) van artikel *negentien* van die Wet.

Die grondslag van besoldiging is as volg:

Treinpersoneel.

Aan 'n dienaar wie se betrekking in die Besoldigingslys vir Treinpersoneel geklassifiseer is en wat 'n werksman by 'n appèl bystaan, word die volgende tyd toegestaan:

(*a*) As geen werk verrig word op die dag waarop hy 'n werksman by 'n appèl bystaan nie: gewone tyd vir die werklike tydperk van bywoning, onderworpe aan 'n minimum van 'n halfdag en 'n maksimum van een dag;

(*b*) as werk verrig word op die dag waarop bystand by die appèl verleen word—

(i) indien minder as sewe en twee-derde of agt uur, na gelang van die geval: tyd vir die werklike tydperk van bywoning, onderworpe aan 'n maksimum van 'n halfdag, wat as volg toegestaan word—

tyd wat, tesame met tyd werklik gewerk, op sewe en twee-derde of agt uur te staan kom, na gelang van die geval: gewone tyd;

tyd in oorskryding daarvan: blote tyd;

(ii) if in excess of seven and two-thirds or eight hours, as the case may be, straight time for the actual period of attendance, subject to a maximum of half a day.

All Other Employees.

The basis of pay in the case of all other employees will be one day's pay for each day so occupied, excluding Sundays and public holidays unless the appeal proceedings are held on such days.

(3) No allowance will be made for loss of overtime, piecework bonus earnings or other special payments ordinarily earned by a servant attending to assist an employee at an appeal.

(4) No travelling expenses will be allowed."

✱ No. 2008.] [1 October 1954.

His Excellency the Governor-General has, in terms of section *thirty-one* of the Railways and Harbours Service Act, 1925 (Act No. 23 of 1925), been pleased to approve of the following amendment to the South African Railways and Harbours Sick Fund Regulations:—

SOUTH AFRICAN RAILWAYS AND HARBOURS.

SICK FUND REGULATIONS.

SCHEDULE OF AMENDMENT.
(*Operative from 25th June*, 1954.)

Regulation No. **74** *bis.*

Insert the following new regulation:—

"*Election of Railway Medical Officers as Members of the Union Parliament and Provincial Councils.*

74 *bis.* A railway medical officer who desires to seek election to the Union Parliament or to a Provincial Council is free to do so. Any such railway medical officer shall simultaneously with the acceptance of his nomination, tender a conditional resignation which will take effect immediately upon election. Such a conditional resignation shall not be accepted unless the railway medical officer concerned is successful in his candidature.

During the period between the date of his nomination and the date of election, such railway medical officer, will be required to refrain from pursuing his practice as railway medical officer and shall in terms of Regulation No. 73 appoint a *locum tenens* to carry out the duties of his appointment."

✱ No. 2009.] [1 October 1954.

His Excellency the Governor-General has, in terms of section *thirty-one* of the Railways and Harbours Service Act, 1925 (Act No. 23 of 1925), been pleased to approve of the following amendment to the South African Railways and Harbours Employees' Staff Regulations:—

SOUTH AFRICAN RAILWAYS AND HARBOURS.

EMPLOYEES' STAFF REGULATIONS.

SCHEDULE OF AMENDMENT.
(*Operative from 26th July*, 1954.)

Regulation No. **80.**

Substitute the following for the wage scale appearing opposite the grade of Diver's Attendant in Section No. 3 (*b*)—HARBOUR AND FLOATING GRADES—of the Employees' Pay Schedule:—

Grade.	Class.	Wages per Day.				
		Minimum.	Incremental Notches.			Maximum.
Diver's Attendant.....	—	s. d. "16 9	s. d. 17 6	s. d. 18 3	s. d. 19 0	s. d. 19 9"

(ii) indien in oorskryding van sewe en twee-derde of agt uur, na gelang van die geval: blote tyd vir die werklike tydperk van bywoning, onderworpe aan 'n maksimum van 'n halfdag.

Alle ander werksmanne.

Die grondslag van besoldiging vir alle ander werksmanne is een dag se besoldiging vir elke dag aldus bestee, met uitsondering van Sondae en openbare vakansiedae, tensy die appèlverrigtinge op sulke dae plaasvind.

(3) Geen toelating word gemaak vir verlies van oortyd, stukwerkbonus of ander spesiale besoldiging wat gewoonlik verdien word deur 'n dienaar wat 'n appèl bywoon om 'n werksman by te staan nie.

(4) Geen reisonkoste word toegelaat nie."

✱ No. 2008.] [1 Oktober 1954.

Dit het Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag om, kragtens artikel *een-en-dertig* van die Spoorwegen en Havens Dienst Wet, 1925 (Wet no. 23 van 1925), sy goedkeuring te heg aan die volgende wysiging in die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens Siekefondsregulasies:

SUID-AFRIKAANSE SPOORWEË EN HAWENS.

SIEKEFONDSREGULASIES.

WYSIGINGSLYS.
(*Van krag vanaf* 25 *Junie* 1954.)

Regulasie no. **74** *bis.*

Voeg die onderstaande nuwe regulasie in:

„*Verkiesing van spoorwegdokters tot lede van die Unieparlement en provinsiale rade.*

74 *bis.* Dit staan 'n spoorwegdokter vry om hom as lid van die Unieparlement of 'n provinsiale raad verkiesbaar te stel. Sodra sodanige spoorwegdokter se nominasie aanvaar is, moet hy voorwaardelik uit sy betrekking bedank, en sy bedanking word van krag onmiddellik na sy verkiesing. So 'n voorwaardelike bedanking word nie aanvaar nie tensy die kandidatuur van die betrokke spoorwegdokter slaag.

So 'n spoorwegdokter mag nie tussen die datum van sy nominasie en die datum van verkiesing as spoorwegdokter praktiseer nie, en moet kragtens regulasie no. 73 'n plaasvervanger aanstel om die pligte verbonde aan sy pos te verrig."

✱ No. 2009.] [1 Oktober 1954

Dit het Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag om, kragtens artikel *een-en-dertig* van die Spoorwegen en Havens Dienst Wet, 1925 (Wet no. 23 van 1925), sy goedkeuring te heg aan die volgende wysiging in die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens Personeelregulasies vir Werksmanne:

SUID-AFRIKAANSE SPOORWEË EN HAWENS.

PERSONEELREGULASIES VIR WERKSMANNE.

WYSIGINGSLYS.
(*Van krag vanaf* 26 *Julie* 1954.)

Regulasie no. **80.**

Vervang die loonskaal teenoor die graad Duikersbediende in afdeling no. 3 (*b*)—HAWE- EN VAARTUIGGRADE—van die Besoldigingslys vir Werksmanne deur die volgende:

Graad.	Klas.	Loon per dag.				
		Minimum.	Verhogingstrappe.			Maksimum.
Duikersbediende.....	—	s. d. „16 9	s. d. 17 6	s. d. 18 3	s. d. 19 0	s. d. 19 9"

✱ No. 2010.] [1 October 1954.

His Excellency the Governor-General has, in terms of section *thirty-one* of the Railways and Harbours Service Act, 1925 (Act No. 23 of 1925), been pleased to approve of the following amendment to the South African Railways and Harbours Officers' Staff Regulations:—

SOUTH AFRICAN RAILWAYS AND HARBOURS.

OFFICERS' STAFF REGULATIONS.

SCHEDULE OF AMENDMENT.
(*Operative from 15th June*, 1954.)

Regulation No. **38.**

Insert " or 'Suid-Afrikaanse Noodhulpliga'" and " or 'Liga'" after " St. John Ambulance Brigade" and " Brigade", respectively in both places where it appears in sub-paragraph (3) (*d*).

✱ No. 2011.] [1 October 1954.

His Excellency the Governor-General has, in terms of section *thirty-one* of the Railways and Harbours Service Act, 1925 (Act No. 23 of 1925), been pleased to approve of the following amendment to the South African Railways and Harbours Sick Fund Regulations:—

SOUTH AFRICAN RAILWAYS AND HARBOURS.

SICK FUND REGULATIONS.

SCHEDULE OF AMENDMENT.
(*Operative from 15th June*, 1954.)

Regulation No. **78.**

Insert " Suid-Afrikaanse Noodhulpliga and" after " to " in the first line of paragraph (9).

Regulation No. **79.**

Insert " Suid-Afrikaanse Noodhulpliga or" after " a " in the fourth line of sub-paragraph (1) (*j*).

✱ No. 2021.] [1 October 1954.

His Excellency the Governor-General has, in terms of section *thirty-one* of the Railways and Harbours Service Act, 1925 (Act No. 23 of 1925), been pleased to approve of the following amendment to the South African Railways and Harbours Employees' Staff Regulations:—

SOUTH AFRICAN RAILWAYS AND HARBOURS.

EMPLOYEES' STAFF REGULATIONS.

SCHEDULE OF AMENDMENT.
(*Operative from 15th June*, 1954.)

Regulation No. **38.**

Insert " or 'Suid-Afrikaanse Noodhulpliga'" and " or 'Liga'" after " St. John Ambulance Brigade" and " Brigade" respectively in both places where it appears in sub-paragraph (3) (*e*).

DEPARTMENT OF AGRICULTURE.

✱ No. 1997.] [1 October 1954.

SOUTH AFRICAN CITRUS SCHEME.

WITHDRAWAL OF LEVY AND SPECIAL LEVY ON LEMONS OTHER THAN LEMONS EXPORTED IN CASES.

